



# SWAAIEND SWIERIG

Die groot romp — in Amerika word dit die *Long and Strong* genoem — is hierdie winter mode.

Dra dit met kniehoogte-stewels en dik, geriffelde wolbroekiekouse, 'n paisley-bloes of 'n kort tweedtrui. Vir ekstra swier en warmte word die *Big Sweep*, 'n groot sagte wol-sjaal, met paisley-ontwerp of met strepe, om die skouers gedra

deur HENRIETTE LOUW

**BENODIGDHEDE:** Middeligewig wolstof of tweed met strepe of paisley-ontwerp. Hiervan het jy 3,8 m van 110 cm breed nodig. Sommige wolstowwe is nog breër, maar dan is gemelde lengte nog nodig. 'n Ritssluiting van 20 cm is ook nodig.

**AANWYSINGS:** Die patroon is vir 'n middel van grootte 12 (66 cm) ontwerp. Vir 'n grootte 10 (61 cm) moet die middel 1 cm hoër uitgeknipt word sodat die uitkniphoeke van die middel 9,5 cm in plaas van 10,5 cm is. Vir 'n grootte 14 (71 cm) moet die lyn weer laer geknip word sodat die uitkniphoeke 11,5 cm is. Voeg 5-10 cm by indien jy die romp langer wil hê, maar dan is 20-40 cm ekstra materiaal nodig.

Knip die middelband volgens die middelmaat plus 7 cm.

- Knip die romponderdele volgens die patroon uit. Stik 'n ry stiksel rondom die middel om te verhoed dat dit rek.

- Stik die skuins rand van die sak vas aan die skuins rand van die rompnaat met regte kante opmekaar. Pars en knip rafelrande gelyk. Druk sakpant na binne sodat die verkeerde kante opmekaar is en pars weer. Miskien sal jy bostiksel verkies, maar onthou dat die materiaal taamlik bonkig is.

- Stik die agterpant van die sak aan die voorpant vas en laat die ronding en reguit kante op mekaar pas. Kap die rafelrande van die materiaal met die masjien om indien dit maklik uitrafel.

- Die agterpant se sak moet nou 'n reguit rand met die rompnaat vorm. Plaas regte kante opmekaar en stik linkernaat toe, maar los 20 cm aan bokant oop vir ritssluiting. Pars naat oop en pars toelating vir agterpantnaat van opening. Stik ritssluiting in posisie vas en pars weer.

- Stik die regternaat toe en pars weer.
- Pars of stik die tussenbelegsel aan die middelband vas. Vou die middelband met regte kante opmekaar dubbel en stik die kort kante toe. Pars en knip oortollige materiaal by naat af. Dop na regte kant om, druk hoeke uit en pars. Plaas regte kante opmekaar, laat 5 cm by een punt by opening uitsteek vir oorvleueling wanneer band toegerits word, en ryg band in posisie vas. Pas band om lyf om te sien of middelmaat reg is. Indien nodig, kan die sy-naat bo by die middel verstel word. Pars.

- Stik middelband aan middellyf vas, knip materiaal by naat netjies gelyk en pars. Vou ander rand van band na binne om en glipsteek aan stiksel vas. Pars weer.

- Kyk of soomlengte reg is. Vra, indien moontlik, 'n vriendin om die soom vir jou rondom een lengte vas te steek. Materiaal wat op die skuinste geknip is, rek soms by die sye. Hang die romp dus oornag aan die middelband op voordat jy die soom vassteek.

- Werk die soom met visgraatsteek of glipsteek vas. Dis moeilik om 'n soom netjies te stik wanneer die materiaal skuins gesny is, dus moet dit liever met die hand gedoen word, hoewel die masjien dit soveel vinniger doen. Pars weer eens.

- Maak 'n knoopsgat in die oorslag van die middelband en werk 'n knoop aan, of anders kan 'n hakie en ogie aangewerk word. ●

